# MINUTES OF PROCEEDINGS

OF THE

# PARLIAMENT OF THE PROVINCE OF THE WESTERN CAPE

========================

THURSDAY, 28 SEPTEMBER 2023

1. The House met at 14:15.

2. The Speaker took the Chair and read the prayer.

3. [14:16] The Speaker made a general announcement regarding the sitting of the Western Cape Provincial Parliament in accordance with Rule 1A of the Standing Rules pertaining to Members in remote attendance by electronic means.

4. [14:19] The Chief Whip moved without notice: That, notwithstanding the provisions of Rule 20(1), precedence be given to the Subject for Discussion.

   Agreed to.

5. [14:20] The House discussed the following subject in the name of Hon D Plato:

   The impact of SASSA's inability to process payments efficiently on social security in the Western Cape.

   Debate concluded.

6. [15:20] Interpellation.

7. [15:39] Questions.

8. [16:40] Statements by Members.

9. [17:02] Response to statements by Members by Mr A W Bredell, Minister of Local Government, Environmental Affairs and Development Planning and Mr D J Maynier, Minister of Education.

10. [17:04] Motions with Notice *(in accordance with Standing Rule 151).*

    The Speaker made an announcement in accordance with the Standing Rule 151, all Notices of Motion by Members are required to be delivered to the Secretary for placing on the Order Paper. These motions, duly submitted, will be published on the Order Paper.

11. [17:05] Motions without Notice *(in accordance with Standing Rule 150).*

12. Mr G Bosman moved without notice: That the House congratulates Chris Ncekana, a dancer from Gugulethu, for joining the Moulin Rouge in Paris, France; notes that Ncekana's journey began in Athlone when he was just six years old, where he was trained by some of the very best, such as Phyllis Spira, Hope Nongqongqo Pamela, Adele Blank, and Phillip Boyd; further notes that Chris has been described as someone who has from the start looked like a very promising and talented dancer and his teachers always knew he would be very successful; notes that he has made all of us very proud; and wishes him nothing but even more success.

Agreed to.

13. Ms L M Maseko moved without notice: That the House congratulates Mr Carl Pophaim after being appointed as the new Member of the Mayoral Committee (MMC) for Human Settlements in the City of Cape Town; notes that Mr Pophaim is a young and talented Councillor who has distinguished himself in the Human Settlements portfolio and has served on the City's Portfolio Committee for Human Settlements for nearly five years and the Planning Appeals Advisory Panel, among others; and further notes that his youthful vigour and unwavering dedication are promising assets that will undoubtedly drive progress and innovation in his new position.

Agreed to.

14. Mr K Brinkhuis moved without notice: That the House notes that 27 September 2023 marks the 54th commemoration of the martyrdom of Imam Abdullah Haron; further notes that Imam Haron was detained by the Security Branch of the police under the Terrorism Act on 28 May 1969, during the month of Prophet Muhammed's birthday; recalls that the Imam who was 45-years-old when he died after he was brutally tortured to death while in detention at the Caledon Square and Maitland police stations respectively; further recalls that he was held incommunicado for 123 days and denied the right to see his wife, Ms Galiema Haron, and their three children; acknowledges that Imam Haron was an anti-apartheid activist and a robust and resilient community leader who fought for the oppressed people; further acknowledges the re-opened inquest hearings findings that the Imam was brutally tortured to death by members of the Security Branch; notes that the judgment into the killing of the Imam will be handed down on 9 October 2023; and calls for support for justice to the Haron family and several other families whose loved ones were killed by Security Branch members of the then apartheid government.

Agreed to.

15. Mr M Kama moved without notice: That the House congratulates the South African Council on Sport (SACOS) on the 50th anniversary of its founding and recognises the work that this council did during the dark days of apartheid, especially through their slogan: no normal sport in an abnormal society; and wishes the Frank van der Horst exhibition, which is linked to the SACOS celebrations, well and recognises the contribution made by personalities, such as Professor van der Horst, in pursuing non-racial sport in South Africa, especially as we look forward to the Springboks, probably the most representative South African squad in any world cup thus far, bringing the Webb Ellis Cup home again.

Agreed to.

16. Mr M K Sayed moved without notice: That the House notes and congratulates the Mdzananda Animal Clinic in Khayelitsha for its outstanding initiative in introducing a new school education programme; notes that this programme is specifically designed to equip Grade 4 learners, aged 11 to 12, with valuable knowledge about animal care; and notes that their commitment to the community and the welfare of animals is truly inspirational.

Agreed to.

17. Mr M K Sayed moved without notice: That the House notes and expresses utmost admiration and extends warmest congratulations to a Grade 9 and 12 Mathematics teacher, Lizette Schroeder, from the Protea Heights Academy in Brackenfell; notes that Lizette has been awarded the prestigious title of "Best Teacher in the Western Cape"; notes that this remarkable achievement is a testament to her dedication, passion and unwavering commitment to the field of education; and further calls on the WCED to provide the necessary support to teachers in schools in poor working-class communities to be able to achieve the same level in pursuit of quality education for all.

    Agreed to.

18. Ms N D Nkondlo moved without notice: That the House notes and extends heartfelt congratulations to two remarkable young entrepreneurs, Siyabulela Ndabambi and Mfundo Nyiki, both 27-year-old, hailing from Harare, Cape Town, who have achieved a significant milestone by successfully launching their business venture of Iqula Colognes in Khayelitsha; and notes that this achievement is not just a personal accomplishment, but a representation of the potential within our community.

    Agreed to.

19. Mr M Kama moved without notice: That the House notes and congratulates the Cape Town-born sports presenter, Julia Stuart, for her outstanding achievement in joining the Premier League Production in London; and notes that Julia will host the preview show "Team Talks" at 18:00 (British time) on Fridays, which will be aired on SuperSport Premier League channel 203 at 19:00 in SA.

    Agreed to.

20. Mr G Bosman moved without notice: That the House takes note of the Cultural Affairs Awards that took place on 26 September 2023; notes that the awards honoured individuals and organisations that have made exceptional contributions in the areas of arts, culture, heritage, language, libraries, archives, museums, heritage and geographical names; and further notes that the winners shine as a beacon of hope for communities throughout the province because they have done tremendous work in their respective fields.

    Agreed to.

21. Mr F C Christians moved without notice: That the House notes that, between October 2022 and March 2023, 283 criminal cases were dropped from court roll due to "police mistakes"; notes that included in this total are 77 cases of GBV reported by women; notes that these are administrative errors that could have been avoided; notes that these errors are a glaring indictment of the SAPS in the Western Cape; notes that it points out the level of inefficiency evident at police stations; notes that the SAPS stands accused of having failed the women in the GBV cases; notes that 68 case files out of 283 were not presented in court; notes that it is shocking that 104 cases out of 283 were dropped because of incomplete investigations; further notes that the Knysna, Vredendal and George police stations were top of the list where important documents were missing; notes that the Lutzville, Kraaifontein and Kuils River police stations were responsible for incomplete investigations that hampered the work of the courts; and calls for justice to prevail for the women mentioned in the GBV cases, that these cases be re-examined and re-admitted to the court roll, and that the perpetrators in the "police mistakes" be identified and suffer the disgrace of dismissal from the SAPS.

    Agreed to.

22. Mr M I Sileku moved without notice: That the House takes note of the recent flooding that devastated our city and rural towns across the province; notes that various roads have been washed away, up to 12 000 people have been affected, and an unknown number of individuals have unfortunately passed away; notes that proactive steps were taken by the Western Cape Government and the Provincial Disaster Management Centre was activated on Sunday after the South African Weather Service confirmed that the storm would be more severe than was initially anticipated; further notes that the disaster response of the Western Cape Government to the severe weather has since shifted from saving lives to recovery and humanitarian aid coordination; further notes that mop-up operations have since started and various roads have since been reopened; notes that, while rebuilding commences, the Western Cape Government is also considering asking for the deployment of SANDF engineers to assist with rebuilding critical infrastructure in the Western Cape; and notes that this House is dedicated to the diverse group of individuals and organisations that have contributed to relief and emergency services across our province, this includes not only the dedicated efforts of first responders, but also the generosity of ordinary citizens who prepared meals, offered financial support, donated groceries and provided invaluable assistance.

    Agreed to.

23. Mr A P van der Westhuizen moved without notice: That the House notes with approval the Western Cape Department of Agriculture's launch of a Provincial Veterinary Week; notes that animal health is an important part of a successful agriculture sector, especially as it relates to the exportation of meat products; and further notes that the support offered by the Department in this regard is to the benefit of our farmers and enables them to grow their agri-businesses and to create much-needed employment in the Western Cape.

    Agreed to.

24. Mr C M Dugmore moved without notice: That the House extends its deepest regret at the passing away of Lieutenant Commander Gillian Elizabeth Hector (executive officer), Master Warrant Officer William Masela Mathipa (coxswain) and Warrant Officer Class One Mmokwapa Lucas Mojela (coxswain in training) while performing a naval exercise off the Simonstown coast last week; and conveys its deepest condolences to the family and friends of these navy marines while calling upon the House to observe a moment of silence at the beginning of the next sitting, as well as requesting that the Premier declares a provincial day of mourning for these men and woman who served our country based in our city and province.

    Agreed to.

25. Mr M K Sayed moved without notice: That the House congratulates the Herzlia High School on winning the under 14 Cape Metro's Kay Motsepe School Championship but notes with deep concern that these champions could not represent the region at the Western Cape provincial finals in Saldanha Bay this past weekend because the match was scheduled to be played on the Jewish Sabbath; and, while acknowledging the great work done to develop sport by some non-governmental organisations, calls on all sporting bodies or organisations to respect the holy days of all believers.

    Agreed to.

26. Mr M K Sayed moved without notice: That the House urgently calls on the provincial government to address the critical safety concerns plaguing the Hillside Primary School in Mitchells Plain; notes that the perilous situation, marked by drug trafficking on the nearby hill and recurring break-ins, demands immediate attention and collective efforts; seeks substantial investments in infrastructure and personnel to fortify security measures in order to ensure the safety and well-being of learners and staff; moreover implores the

Education Department's Safe Schools Unit to amplify its responsiveness and support in addressing these distressing issues by forging a secure environment that is conducive to learning and growth; and, as time is of the essence, beseeches prompt action to protect our educational sanctum.

Agreed to.

27. Ms N D Nkondlo moved without notice: That the House welcomes the AGOA Forum to be hosted in November 2023 in Johannesburg, Gauteng, to discuss the future of this agreement and its possible extension to 2025; notes that this strategic move signifies a promising step in the right direction that is opening doors to amplified trade opportunities and economic growth; notes that, in reimagining AGOA during this third review, the alignment of AGOA to Africa's industrialisation programme creates opportunities for US companies and investors to access mutually reinforcing economic benefits in the manufacturing sector eg car components, green technology and agri-processing given the much-developed agri-sector in the country; notes that this "African common position on AGOA" lays a strong basis for the extension of AGOA as African countries have already been unanimous on advocating for the extension of AGOA and SA was nominated to put forward the African case to be discussed in the AGOA Forum meeting in November 2023; and notes that these are positive developments that we must all support and continue to embrace in anticipation of an extension of and an enhanced AGOA in 2025.

Agreed to.

28. Mr M Kama moved without notice: That the House notes the anniversary yesterday of the death in detention of Imam Abdullah Haron, a revered anti-apartheid activist and founder of the Claremont Muslim Youth Association; solemnly remembers his unwavering commitment to justice and equality; notes that he was held captive for 123 agonising days while enduring unspeakable torture by the apartheid security branch; notes that his sacrifice remains etched in our collective memory; with the anticipated judgment on 9 October 2023, a just resolution is anticipated that provides the much-needed closure for his grieving family and a testament to the pursuit of truth and justice; and may his legacy inspire generations to stand against oppression and prejudice.

Agreed to.

29. [17:23] FIRST ORDER

Consideration of report of the Standing Committee on Social Development on the Fundraising Amendment Bill [B 29B–2016] (NCOP), dated 12 September 2023 (see Announcements, Tablings and Committee Reports, no 96, dated 18 September 2023, p 357). (Ratification of final mandate.)

Declarations of vote made on behalf of the ANC and DA.

Question put: That the Report of the Standing Committee on Social Development on the Fundraising Amendment Bill [B 29B–2016] (NCOP) be adopted.

Question agreed to.

The Report accordingly adopted.

The mandate conferring authority on the Western Cape Provincial Parliament's delegation in the NCOP to support the Bill was ratified.

30. [17:29] SECOND ORDER

Consideration of report of the Ad-hoc Committee on the Appointment of a Public Service Commissioner for the Western Cape, dated 21 September 2023 (see Announcements, Tablings and Committee Reports, no 99, dated 21 September 2023, p 360).

Declarations of vote made on behalf of the ANC and DA.

Question put: That the Report of the Ad-hoc Committee be adopted.

Question agreed to.

The Report accordingly adopted (ANC dissenting).

31. The House adjourned at 17:40.



Digitally signed by Romeo Adams
Date: 2023.10.09 13:57:19 +02'00'

ROMEO ADAMS
Secretary to Provincial Parliament

# NOTULE VAN VERRIGTINGE

VAN DIE

# PARLEMENT VAN DIE PROVINSIE WES-KAAP

==========================

DONDERDAG, 28 SEPTEMBER 2023

1. Die Huis kom om 14:15 byeen.

2. Die Speaker neem die Stoel in en lees die gebed voor.

3. [14:16] Die Speaker doen ’n algemene aankondiging met betrekking tot die sitting van die Wes-Kaapse Provinsiale Parlement in ooreenstemming met Reël 1A van die Staande Reëls van toepassing op Lede wat op afstand teenwoordig is met behulp van elektroniese middele.

4. [14:19] Die Hoofsweep stel sonder kennisgewing voor: Dat, ondanks die bepalings van Reël 20(1), die Onderwerp vir bespreking voorrang het.

   Goedgekeur.

5. [14:20] Die Huis bespreek die volgende onderwerp in die naam van agb D Plato:

   Die impak van SASSA se onvermoë om betalings doeltreffend te verwerk op maatskaplike sekuriteit in die Wes-Kaap.

   Debat afgesluit.

5. [15:20] Interpellasie.

6. [15:39] Vrae.

7. [16:40] Verklarings deur Lede.

8. [17:02] Reaksie op verklarings deur Lede deur mnr A W Bredell, Minister van Plaaslike Regering, Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning en mnr D J Maynier, Minister van Onderwys.

10. [17:04] Voorstelle met kennisgewing *(ooreenkomstig Staande Reël 151).*

    Die Speaker doen ’n aankondiging ooreenkomstig die Staande Reël 151 dat daar vereis word dat alle voorstelle met kennisgewing deur Lede by die Sekretaris ingedien moet word om op die Ordelys geplaas te word. Hierdie voorstelle, behoorlik ingedien, sal op die Ordelys gepubliseer word.

11. [17:05] Voorstelle sonder kennisgewing *(ooreenkomstig Staande Reël 150).*

12. Mnr G Bosman stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis Chris Ncekana, ’n danser van Guguletu, gelukwens nadat hy by die Moulin Rouge in Parys, Frankryk, aangesluit het; kennis neem dat Ncekana se reis in Athlone begin het toe hy net ses jaar oud was, waar hy deur van die heel bestes, soos Phyllis Spira, Hope Nongqongqo Pamela, Adele

Blank en Phillip Boyd, opgelei is; verder kennis neem dat Chris beskryf is as iemand wat van die begin af na ŉ baie belowende en talentvolle danser gelyk het en sy onderwysers het altyd geweet hy sou baie suksesvol wees; kennis neem dat hy ons almal baie trots gemaak het; en hom net nog meer sukses toewens.

Goedgekeur.

13. Me L M Maseko stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis mnr Carl Pophaim gelukwens ná sy aanstelling as die nuwe Burgemeesterskomiteelid vir Menslike Nedersettings in die Stad Kaapstad aangewys is; kennis neem dat mnr Pophaim ŉ jong en talentvolle raadslid is wat homself in die Portefeulje Menslike Nedersettings onderskei het en vir bykans vyf jaar op die Stad se Portefeuljekomitee vir Menslike Nedersettings gedien het, sowel as onder andere op die Beplanningsappèl-adviespaneel; en verder kennis neem dat sy jeugdige krag en onwrikbare toewyding belowende bates is wat ongetwyfeld vooruitgang en innovasie in sy nuwe pos sal aandryf.

Goedgekeur.

14. Mnr K Brinkhuis stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis kennis neem dat 27 September 2023 die 54e herdenking van die martelaarskap van Imam Abdullah Haron is; verder kennis neem dat Imam Haron op 28 Mei 1969, gedurende die maand van profeet Mohammed se verjaardag, deur die Veiligheidstak van die polisie ingevolge die Wet op Terrorisme aangehou is; in herinnering roep dat die Imam 45 jaar oud was toe hy gesterf het nadat hy wreed doodgemartel is terwyl hy in aanhouding by onderskeidelik die Caledon-plein- en Maitland-polisiestasie was; verder in herinnering roep dat hy vir 123 dae in afsondering aangehou is en die reg geweier is om sy vrou, me Galiema Haron, en hul drie kinders te sien; daaraan erkenning gee dat Imam Haron ŉ anti-apartheidsaktivis was en ŉ robuuste en veerkragtige gemeenskapsleier wat vir die onderdrukte mense geveg het; verder erkenning gee aan die bevindings van die heropende geregtelike doodsondersoeke dat die Imam wreed deur lede van die Veiligheidstak doodgemartel is; kennis neem dat die uitspraak oor die moord op die Imam op 9 Oktober 2023 gelewer sal word; en ŉ beroep doen op ondersteuning vir geregtigheid aan die Haron-familie en verskeie ander gesinne wie se geliefdes deur lede van die Veiligheidstak van die destydse apartheidsregering vermoor is.

Goedgekeur.

15. Mnr M Kama stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis die Suid-Afrikaanse Raad vir Sport ("South African Council on Sport" of SACOS) gelukwens met die 50e herdenking van sy stigting en erkenning gee aan die werk wat hierdie raad tydens die donker dae van apartheid gedoen het, veral deur hul slagspreuk: geen normale sport in ŉ abnormale samelewing nie; en die Frank van der Horst-uitstalling, wat aan die SACOS-vieringe gekoppel is, sterkte toewens en erkenning gee aan die bydrae wat mense, soos professor Van der Horst, gelewer het om nierassige sport in Suid-Afrika te beoefen, veral omdat ons uitsien dat die Springbokke, waarskynlik die mees verteenwoordigende Suid-Afrikaanse groep in enige Wêreldbeker tot dusver, die Webb Ellis-beker weer huis toe bring.

Goedgekeur.

16. Mnr M K Sayed stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis kennis neem van en die Mdzananda-dierekliniek in Khayelitsha gelukwens met sy uitstaande inisiatief om ŉ nuwe skoolopvoedingsprogram in te stel; kennis neem dat hierdie program spesifiek ontwerp is om graad 4-leerders, van 11 tot 12 jaar oud, toe te rus met waardevolle kennis oor dieresorg; en kennis neem dat hul verbintenis tot die gemeenskap en die welsyn van diere werklik inspirerend is.

Goedgekeur.

17. Mnr M K Sayed stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis neem kennis van en die grootste bewondering uitspreek en Lizette Schroeder, ŉ Wiskunde-onderwyseres vir graad 9 en 12, van die Proteahoogte-akademie in Brackenfell, hartlik gelukwens; kennis neem dat Lizette met die gesogte titel van “Beste Onderwyser in die Wes-Kaap” bekroon is; kennis neem dat hierdie merkwaardige prestasie ŉ bewys is van haar toewyding, passie en onwrikbare verbintenis tot die onderwysveld; en verder ŉ beroep op die WKOD doen om die nodige ondersteuning aan onderwysers in skole in arm werkersklasgemeenskappe te verskaf om dieselfde vlak te kan bereik in die strewe na onderwys van gehalte vir almal.

Goedgekeur.

18. Me N D Nkondlo stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis kennis neem van en twee merkwaardige jong entrepreneurs, Siyabulela Ndabambi en Mfundo Nyiki, albei 27-jarige, afkomstig van Harare, Kaapstad, wat ŉ belangrike mylpaal bereik het deur hul sake-onderneming Iqula Colognes suksesvol in Khayelitsha te loods, hartlik gelukwens; en kennis neem dat hierdie prestasie nie net ŉ persoonlike prestasie is nie, maar ŉ aanduiding van die potensiaal wat binne ons gemeenskap is.

Goedgekeur.

19. Mnr M Kama stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis kennis neem van en die Kaapstad-gebore sportaanbieder, Julia Stuart, gelukwens met haar uitstaande prestasie om by die Premierliga-produksie in Londen aan te sluit; en kennis neem dat Julia die voorskou-program “Team Talks” op Vrydae om 18:00 (Britse tyd) sal aanbied, wat op SuperSport Premierliga-kanaal 203 om 19:00 in SA uitgesaai sal word.

Goedgekeur.

20. Mnr G Bosman stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis kennis neem van die Kultuursake-toekennings wat op 26 September 2023 plaasgevind het; kennis neem dat die toekennings individue en organisasies vereer het wat uitsonderlike bydraes gelewer het op die gebied van kuns, kultuur, erfenis, taal, biblioteke, argiewe, museums, erfenis en geografiese name; en verder kennis neem dat die wenners ŉ baken van hoop is vir gemeenskappe in die provinsie omdat hulle uitsonderlike werk in hul onderskeie terreine gedoen het.

Goedgekeur.

21. Mnr F C Christians stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis kennis neem dat, tussen Oktober 2022 en Maart 2023, 283 strafregtelike sake van hofrol geskrap is weens “polisiefoute”; kennis neem dat 77 gevalle van geslagsgebaseerde geweld (“gender-based violence” of GBV) by hierdie totaal ingesluit is wat deur vroue aangemeld is; kennis neem dat dit administratiewe foute is wat vermy kon word; kennis neem dat hierdie foute ŉ skreiende aanklag van die SAPD in die Wes-Kaap is; kennis neem dat dit die vlak van ondoeltreffendheid uitwys wat by polisiestasies voorkom; kennis neem dat die SAPD daarvan aangekla word dat hulle die vroue in die GBV-sake gefaal het; kennis neem dat 68 saakdossiere van 283 nie in die hof aangebied is nie; kennis neem dat dit skokkend is dat 104 sake van 283 weens onvolledige ondersoeke laat vaar is; verder kennis neem dat die Knysna-, Vredendal- en George-polisiestasie boaan die lys is van polisiestasies waar belangrike dokumente ontbreek; kennis neem dat die Lutzville-, Kraaifontein- en Kuilsrivier-polisiestasie verantwoordelik was vir onvolledige ondersoeke wat die werk van die howe belemmer het; en ŉ beroep doen dat geregtigheid moet seëvier vir die vroue wat in die GBV-sake genoem word, dat hierdie sake weer ondersoek en weer op die hofrol geplaas word, en dat die oortreders van die “polisiefoute” geïdentifiseer word en die oneer aangedoen word om uit die SAPD ontslaan te word.

Goedgekeur.

22. Mnr M I Sileku stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis kennis neem van die onlangse oorstromings wat ons stad en plattelandse dorpe in die provinsie verwoes het; kennis neem dat verskeie paaie weggespoel is, tot 12 000 mense geraak is, en ŉ onbekende aantal individue ongelukkig oorlede is; kennis neem dat proaktiewe stappe deur die Wes-Kaapse Regering gedoen is en die Provinsiale Rampbestuursentrum Sondag geaktiveer is nadat die Suid-Afrikaanse Weerdiens bevestig het dat die storm erger sou wees as wat aanvanklik verwag is; verder kennis neem dat die rampreaksie van die Wes-Kaapse Regering op die gure weer sedertdien verskuif het van lewensredding na herstel en koördinering van humanitêre hulp; verder kennis neem dat opruimoperasies sedertdien begin het en verskeie paaie intussen heropen is; kennis neem dat, terwyl herbou begin, die Wes-Kaapse Regering dit ook oorweeg om te vra vir die ontplooiing van SANW-ingenieurs om te help met die herbou van kritieke infrastruktuur in die Wes-Kaap; en kennis neem dat hierdie Huis uiteenlopende groep individue en organisasies wat tot hulp- en nooddienste in ons provinsie bygedra het, aanprys, insluitende nie net die toegewyde pogings van nooddienswerkers nie, maar ook die vrygewigheid van gewone burgers wat etes voorberei het, finansiële ondersteuning gebied het, kruideniersware geskenk het, en onskatbare bystand verleen het.

Goedgekeur.

23. Mnr A P van der Westhuizen stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis met goedkeuring kennis neem van die Wes-Kaapse Departement van Landbou se bekendstelling van ŉ Provinsiale Veeartsenykundige Week; kennis neem dat dieregesondheid ŉ belangrike deel van ŉ suksesvolle landbousektor is, veral met betrekking tot die uitvoer van vleisprodukte; en verder kennis neem dat die ondersteuning wat die Departement in hierdie verband bied, tot voordeel van ons boere is en hulle in staat stel om hul agrisakeondernemings te laat groei en om broodnodige indiensneming in die Wes-Kaap te skep.

Goedgekeur.

24. Mnr C M Dugmore stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis die dood betreur van luitenant-kommandeur Gillian Elizabeth Hector (uitvoerende offisier), meester-adjudant-offisier William Masela Mathipa (stuurman) en adjudant-offisier klas een Mmokwapa Lucas Mojela (stuurman in opleiding) terwyl hulle verlede week ŉ vlootoefening aan die Simonstad-kus uitgevoer het; en innige meegevoel betuig met die familie en vriende van hierdie vlootmariniers, en ŉ beroep op die Huis gedoen word om ŉ oomblik van stilte aan die begin van die volgende sitting te handhaaf, asook te versoek dat die Premier ŉ provinsiale dag van rou te verklaar vir hierdie mans en vrou wat ons land gedien in ons stad en provinsie het .

Goedgekeur.

25. Mnr M K Sayed stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis wens die Herzlia High School gelukwens met die wen van die Kaapse Metro se Kay Motsepe-skoolkampioenskap vir onder 14's, maar met diepe kommer kennis neem dat hierdie kampioene nie die streek die afgelope naweek by die Wes-Kaapse provinsiale eindronde in Saldanhabaai kon verteenwoordig nie, omdat die wedstryd geskeduleer was om op die Joodse Sabbat gespeel word; en, terwyl erkenning gegee word aan die groot werk wat deur sommige nieregeringsorganisasies gedoen is om sport te ontwikkel, ŉ beroep op alle sportliggame of organisasies gedoen word om die heilige dae van alle gelowiges te respekteer.

Goegekeur.

26. Mnr M K Sayed stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis ŉ dringende beroep op die provinsiale regering doen om aandag te skenk aan die kritieke veiligheidskwessies wat die Hillside Primary School in Mitchells Plain teister; kennis neem dat die gevaarlike situasie, gekenmerk deur dwelmhandel op die nabygeleë heuwel en herhalende inbrake, onmiddellike aandag en kollektiewe pogings vereis; aansienlike beleggings in infrastruktuur en personeel vereis om veiligheidsmaatreëls te versterk ten einde die veiligheid en welstand van leerders en personeel te verseker; ook ŉ beroep op die Onderwysdepartement se Eenheid vir Veilige Skole doen om sy responsiwiteit en ondersteuning te vergroot met sy hantering van hierdie ontstellende kwessies deur ŉ veilige omgewing te skep wat bevorderlik is vir leer en groei; en, aangesien tyd ontbreek, spoedige optrede aanvra om ons opvoedkundige privaat eiendom te beskerm.

Goedgekeur.

27. Me N D Nkondlo stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis die AGOA-forum verwelkom wat in November 2023 in Johannesburg, Gauteng, aangebied sal word om die toekoms van hierdie ooreenkoms en die moontlike verlenging daarvan tot 2025 te bespreek; kennis neem dat hierdie strategiese stap ŉ belowende stap in die regte rigting is wat deure sal oopmaak vir groter handelsgeleenthede en ekonomiese groei; kennis neem dat, in die herverbeelding van AGOA tydens hierdie derde oorsig, die belyning van AGOA met Afrika se industrialiseringsprogram geleenthede vir Amerikaanse maatskappye en beleggers skep om toegang te verkry tot wedersyds versterkende ekonomiese voordele in die vervaardigingsektor, bv motorkomponente, groen tegnologie en landbouverwerking, gegewe die uiters ontwikkelde agrisektor in die land; kennis neem dat hierdie "Afrika- gemeenskaplike standpunt oor AGOA" ŉ sterk grondslag lê vir die uitbreiding van AGOA, aangesien Afrika-lande reeds eenparig was oor die voorspraak vir die uitbreiding van AGOA en SA benoem het om die Afrika-saak aan te voer wat by die AGOA-forum se vergadering in November 2023 bespreek moet word; en kennis neem dat dit positiewe ontwikkelings is wat ons almal moet ondersteun en moet aanhou koester in afwagting van ŉ verlenging van en ŉ verbeterde AGOA in 2025.

Goedgekeur.

28. Mnr M Kama stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis kennis neem van die herdenking gister van die dood in aanhouding van imam Abdullah Haron, ŉ gerespekteerde anti-apartheidsaktivis en stigter van die Claremont- Moslem jeugvereniging; sy onwrikbare verbintenis tot geregtigheid en gelykheid plegtig in herinnering roep; kennis neem dat hy vir 123 folterende dae gevange gehou is terwyl hy onnoembare marteling deur die apartheidsveiligheidstak verduur het; kennis neem dat sy opoffering in ons kollektiewe geheue geëts bly; met die verwagte uitspraak op 9 Oktober 2023, ŉ regverdige oplossing verwag word wat die broodnodige afsluiting vir sy bedroefde familie sal meebring en ŉ bewys sal wees van die strewe na waarheid en geregtigheid; en mag sy nalatenskap geslagte inspireer om teen onderdrukking en vooroordeel te staan.

Goedgekeur.

29. [17:30] EERSTE ORDER

Verslag van die Staande Komitee oor Maatskaplike Ontwikkeling oor die Wysigingswetsontwerp op Fondsinsameling [W 29B–2020] (NRVP), gedateer 12 September 2023 (sien Aankondigings, Tertafelleggings en Komiteeverslae, no 99, gedateer 18 September 2023, p 357). (Ratifikasie van finale mandaat.)

Stemverklarings namens die ANC en DA.

Vraag gestel: Dat die verslag van die Staande Komitee oor Maatskaplike Ontwikkeling oor die Wysigingswetsontwerp op Fondsinsameling [W 29B–2020] (NRVP) aangeneem word.

Vraag goedgekeur.

Die verslag is dus aangeneem.

30. [17:39] TWEEDE ORDER

Oorweging van verslag van die Ad-hoc Komitee oor die Aanstelling van 'n Staatsdienskommissaris vir die Wes-Kaap, gedateer 21 September 2023 (sien Aankondigings, Tertafelleggings en Komiteeverslae, no 99, gedateer 21 September 2023, bl 360).

Stemverklarings namens die ANC en DA.

Vraag gestel: Dat die verslag van die die Ad-hoc Komitee aangeneem word.

Vraag goedgekeur.

Die verslag is dus aangeneem (met teenstem van ANC).

31. Die Huis verdaag om 17:40.

Romeo Adams
Sekretaris van die Provinsiale Parlement